

# Mikro Graad R

## Dag 1: 25 Mei

Leerarea	Opdrag	Benodighede
Huistaal	<p><u>Luister na die storie</u> Kyk na die video van Die rooi hennetjie of mamma kan die storie vir jou lees. Beantwoord dan die vragies oor die storie.</p>	<p><b>Die rooi hennetjie video</b> of <b>Die rooi hennetjie storie PDF</b></p>

## Dag 2: 26 Mei

Leerarea	Opdrag	Benodighede
Kreatief (LV)	<p><u>My eie musiek instrument</u> Maak 'n instrument van jou keuse deur slegs afval materiale te gebruik. Die moontlikhede is eindeloos, hier is 'n paar voorbeelde:</p> <ul style="list-style-type: none"><li>- 'n blikkie met klippies / rys in, of met 'n rekkie,</li><li>- 'n toiletrolletjie met klokkies aan,</li><li>- 'n ballon oor 'n blikkie se opening, saam met stokkies</li><li>- 'n gevoude kartonstrook met 2 doppies aan die binnekant.</li></ul>	<p>Maak die <b>PDF Musiek Instrument</b> oop Skakels vir moontlike idees:</p> <ul style="list-style-type: none"><li>- <a href="https://artsycraftsymom.com/diy-musical-instruments-for-kids-to-make-and-play/">https://artsycraftsymom.com/diy-musical-instruments-for-kids-to-make-and-play/</a></li><li>- <a href="https://www.howweelearn.com/spectacular-homemade-musical-instruments/">https://www.howweelearn.com/spectacular-homemade-musical-instruments/</a></li></ul>

Hou jou instrument vir Vrydag.

### Dag 3: 27 Mei

#### Leerarea

#### Opdrag

#### Benodighede

#### Wiskunde

1. Flitskaart resies  
Gebruik die getalsimbole, -naam en -kolkaarte en maak nog 'n identiese stel. Pak die twee stelle in 'n ry langs mekaar (maar die kaarte moet deurmekaar gerangskik wees). Hou 'n resies met boetie/sussie/mamma en kyk wie kan die kaartjies die vinnigste hardop benoem van begin tot einde.



1. Getalkaarte van vorige weke.
2. Flitskaarte 1 tot 5.
3. In en rondom die huis.

2. Gebruik dieselfde flitskaarte van die getalle 1 - 5 en pak dit in die regte volgorde langs mekaar in 'n ry. Mamma vra vrae en leerder sê die antwoord, dan gooi hy 'n boontjiesak/bal/opgevoude sokkies na die getal (akkuraatheid is nie fokus nie).

Wat kom voor 3?

Sit 1 by.

Vat 2 weg.

Wat kom na 2?

Sit 2 by.

Vat 1 weg.

Ensovoorts.



3. Soek in die huis die getalle 1 tot 5 op plakkate, bokse, enige items. Wys vir die leerder op die foon of rekenaar dat getal 4 anders kan lyk sodat hulle kennis daarvan neem, maar onthou vir skool gebruik ons 'n spesifieke skryfwyse.

Dag 4: 28 Mei		
Leerarea	Opdrag	Benodighede
Beweging (LV)	<u>Beweeg die lyfies</u> Kyk na die video. Doen alles wat juffrou doen.	Maak die <b>Beweging video</b> oop.
Dag 5: 29 Mei		
Leerarea	Opdrag	Benodighede
Musiek (LV)	<u>Kom ons maak musiek</u> Ons gesels eers meer oor ritme. Ons kan aan ritme dink as 'n <u>patroon</u> . Kan jy onthou wat is 'n patroon? <i>-as iets oor en oor gebeur:</i> <b>rooi, blou, geel, rooi, blou, geel, rooi, blou, geel,</b> In musiek kan ons ook 'n patroon kry, ons kan die note tel: Kyk of jy saam met hierdie musiek se note kan tel. (wals): 1, 2, 3, 1, 2, 3, 1, 2, 3 Ons gesels eers meer oor tempo. Wanneer ons na vrolike musiek luister, dan kan jy nie help om saam met die musiek te dans nie, maar jy	Jou eie musiek instrument wat jy gemaak het.  Maak die <b>Musiek les video of Musiek les PDF</b> dokument oop.  Om saam te kan speel maak die volgende skakels oop: 1. <a href="https://www.youtube.com/watch?v=Us8BR_6edmE">https://www.youtube.com/watch?v=Us8BR_6edmE</a>

kan nie enige dans doen nie, jy moet luister of die musiek vinnig of stadiq speel. Speel nou jou instrument vinnig en dan stadig.

Ons gesels eers meer oor volume.

Wanneer ons na musiek luister, dan kan jy self besluit wat sy volume moet wees. Toe ons in die klas was het Juffrou van jou binnestem en jou buitestem gepraat. Hoe klink hulle nou weer?

Net so kan musiek se volume ook hard of saggies wees. Wanneer jy wil gaan slaap, moet die musiek se volume saggies of hard speel? Hoekom moet dit nie hard speel nie?

Kan jy jou instrument hard en saggies speel?

Speel met jou instrument.

2. [https://www.youtube.com/watch?v=y6fhn4PZ\\_yM](https://www.youtube.com/watch?v=y6fhn4PZ_yM)